23

PROBLEEMOPLOSSING

Alternatiewe tot geweld

GESINSLES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die gesin leer dat geweld verskillende gesigte het en ook voorkom in ons gesinne.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die gesinne moet weet dat –

- verskillende soorte geweld in ons huise voorkom;
- elke samelewing reëls en wette het tot almal se voordeel;
- 'n manier van optrede altyd 'n keuse is; en
- elke gesin ook grense het om mekaar veilig binne te hou.

Gesindheid

Die gesinne moet bereid wees om geweld in eie geledere uit te roei.

Vaardigheid

Die gesin is in staat om hulle huisreëls toe te pas en te bid vir mekaar.

MEER INLIGTING

Ons lees op verskeie plekke in die Bybel van families en samelewings waar geweld voorgekom het. In Genesis lees ons die bekende hartseerverhaal van Josef wat deur sy broers verkoop is, maar tog het dit 'n positiewe einde.

Daar word ook vertel van koning Dawid wat tot geweld oorgegaan het nadat hy die sonde met Batseba gepleeg het, deur haar man te *laat vermoor*. Vergelyk 2 Samuel 11. Hierdie is 'n voorbeeld van passiewe geweld. Dit beteken dat Dawid die geweldsplanne gesmee het, maar ander omgekoop het om dit uit te voer. So werk geweld ook: Onskuldige mense word dikwels betrek om te help om planne deur te voer.

In die Nuwe Testament vind ons die merkwaardige gedeelte in Efesiërs 6: 1-4 waar Paulus riglyne gee om as gesinne in harmonie met mekaar saam te leef.

Om geweld uit te daag en te elimineer, is 'n doelbewuste besluit en keuse.

AANBIEDING

Jy het nodig:

- Die Bybel.

KOM ONS BEGIN

Open met gebed. Bid spesiaal om van geweld gespaar te word. Bid ook vir die slagoffers van geweld.

HET HULLE ONTHOU?

Doen

- Laat 'n paar kinders die tabel waarin hulle 'n opname gemaak het van geweld op televisienuus, aan die res van die klas voorhou.
- Laat ander kinders die gebed wat hulle geskryf het, voorlees.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Statistieke toon dat een uit elke vier vroue in 'n huwelik fisies deur hulle lewensmaats mishandel word. Die voorkoms van ander vorme van geweld, soos verbale geweld (om iemand sleg te sê of te verkleineer) en emosionele geweld (om op iemand se gevoel te speel) en verwaarlosing is moeilik om te bepaal. Dit is 'n ongelukkige feit dat die persone teenoor wie geweld gepleeg word, dikwels versteurde denke het. Hulle dink hulle verdien om so behandel te word, en kan dikwels nie uit die omstandighede ontsnap nie, of het nie die moed om daaroor te praat nie.

Wanneer niks daaraan gedoen word nie, en kinders grootword in disfunksionele omstandighede, is die kans goed dat hulle dieselfde gedrag sal toepas wanneer hulle eendag hulle eie gesinne het.

'n Verdere onreg is dat bereken word dat tot 40% van kinders seksueel misbruik word, met tragiese gevolge.

IETS INTERESSANT

Dra die inhoud van MEER INLIGTING aan hulle oor.

IETS BELANGRIK

- Lees Psalm 133. Wys uit dat die Bybel ons leer dat as ons in vrede met mekaar saamwoon, daar geluk en voorspoed is.
- Skerp die volgende in:
  - Geweld is deel van ons alledaagse lewe. Ons raak so afgestomp dat ons eintlik nie eens meer geskok is oor wat mense aan mekaar doen nie.
  - Geweld kan baie vorme aanneem. Jy kan mense geweld aandoen deur hulle fisies te mishandel.
  - Om op iemand te skel of te vloek, is 'n growwe vorm van geweld.
  - Om iemand af te kraak en te beledig, is ook geweld.

IETS OM TE DOEN

Laat elke gesin iets deel van geweld waarvan hulle in families en gesinne bewus is. 'n Voorbeeld uit die koerante kan ook as vertrekpunt vir die gesprek gebruik word.

Dit sal goed wees indien 'n kenner oor geweld kan kom praat, en oor die impak wat dit op mense se lewens het. 'n Persoon uit die Suid-Afrikaanse Polisiediens, 'n maatskaplike werker, of die predikant is voorbeelde van mense wat op gereelde basis met geweld te doen het. Hulle kan op 'n verantwoordelike manier ervarings maar veral ook oplossings en verhale met gelukkige eindes deel.

Opdrag aan die groep:

Maak 'n lys van dinge wat julle as geweld beskou. Moenie net dink aan fisiese geweld nie, maar ook aan verbale en emosionele geweld, en verwaarlosing.

Probeer ook 'n oplossing vind vir die gedrag, sodat dit positief omgekeer kan word.

Geweld is...	**'n Moontlike oplossing is...**
.....	.....
.....	.....
.....	.....
.....	.....
.....	.....

BY DIE HUIS

DOEN

Laat die kinders die koerant gaan lees en probeer tel hoeveel berigte daar oor geweld voorkom. Laat hulle as gesin daaroor praat. Laat hulle oplossings hiervoor aan die hand doen.

LEER

Laat die kinders Matteus 27: 32-44 lees. Hierdie is ’n voorbeeld van die grootste geweld wat ooit in die geskiedenis plaasgevind het. Laat hulle probeer om soveel van die teks te memoriseer as wat hulle kan.

AFSLUITING

Sluit af met gebed.